Magalieskruin Gemeente

Genees, Groei en Dien

☎ 012 548 1245 086 535 4797 www.magalieskruin.com magaliesond@telkomsa.net

Program van die week **Datum: 11 Maart 2018**

11 MAART 2018 – 18 MAART 2018		
11 Maart 2018 *5de Lydensweek*	**08:00** – Oggenddiens	Ds. Alkmaar Swart **Skriflesing:** Markus 4:26-29 **Tema:** *Die koninkryk kom vanself. Outomaties.*
	09:30 – Gesinsdiens ***DOOP***	Ds. Corné Bootha
	09:30 – Saaldiens	Ds. Alkmaar Swart
	17:45 – Aanddiens	Ds. Lizette Van Rooyen
	18:00 – Montana Aftree-Oord Diens	Ds. Johan Olivier
18 Maart 2018 *6de Lydensweek*	**08:00** – Oggenddiens	Ds. Alkmaar Swart
	09:30 – Gesinsdiens	Ds. Corné Bootha
	09:30 – Saaldiens	Ds. Alkmaar Swart
	17:45 – Aanddiens	Ds. Corné Bootha

GROEIGROEPE – 11 MAART 2018		
GROEP	**TYD**	**LOKAAL**
Connect Kids	**09:30 –** Kleuterkerk (3 j. – Gr. 00)	Kleuterlokaal
	09:30 – Kinderkerk (Gr. 0 – Gr. 6)	Kerksaal
Connect	**18:45 –** Groeigroepe (Gr. 7 – 11)	Verskillende lokale

PAASFEES: DIE WONDER VAN DIE GRAF

Ons nooi u uit om die wonderlike betekenis van die graf tydens die eredienste en nagmaal op Goeie Vrydag, 30 Maart 2018, en Opstandingsondag, 1 April 2018, te kom ontdek.

Dit bied 'n besondere geleentheid om as lede van God se familie saam die Paasfees te vier.

BARMHARTIGHEIDSBEDIENING OP SONDAE

Magalieskruin Gemeente is 'n gemeente wat omgee vir ander. Ons harte is oop om elke persoon te bedien met liefde en deernis. Uit die aard van ons karakter as gemeente is daar mense van alle vlakke van die samelewing wat ons aktiwiteite en eredienste bywoon.

Ons versoek u om asseblief nie geld te gee aan behoeftige mense wat op 'n Sondag kom vra nie. Verwys hierdie mense na die Araratbediening op Donderdagoggende of die Barmhartigheidsbediening. Beide hierdie bedienings se besonderhede is op die afkondigings en die kalender.

KUIERMARKNUUS

Kuiermark 2018 – het jy al gekyk op jou kalender wat die datum is? Ons tema is vanjaar "Ommi-draai"... Kom raak betrokke!! Ons kort jou hande en voete...

Woon asseblief die Kuiermarkvergadering Maandag **12 Maart 2018** om **18:30** in die jeugsaal by om deel te word van die span. Kontak Janine Joubert (012-548-1245).

TEGNIESE ASSISTENTE

Magalieskruin Gemeente benodig die dienste van twee tegniese assistente vir die doel om hoofsaaklik by die aanddienste betrokke te wees. Aansoekers moet vertroud wees met die Yamaha klankbord agter in die kerk en opleiding sal verskaf word indien nodig.

Diensbeurte sal vooraf bepaal word en vergoeding sal per diensbeurt betaal word.

Belangstellendes kan hulle aansoeke/CV's by die kerkkantoor inhandig **vóór 17 Maart 2018.**

Kontak Diederik Peens (082-859-6638) vir meer inligting.

PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK

DATUM	TYD	AKTIWITEIT	KONTAK
Ma. 12	18:30	**Kuiermark** – in die jeugsaal. Stalletjieleiers word gevra om teenwoordig te wees.	Janine Joubert – 012-548-1245
Di. 13	09:00 19:00	**Woordskool** – in die konsistorie. Ons bestudeer vanjaar Hebreërs.	Paul Fick – 071-380-8752 Ds. Johan Olivier – 082-979-6552
Di. 13	10:00	**Visvanger Dissipelmaking** – die Woord word bedien, toebroodjies word uitgedeel en Bybels word verkoop.	Ds. Alkmaar Swart – 012-548-1565
Di. 13	18:30	**L!nk = Connect (tieners) en ReConnect (jongvolwassenes** – in die jeugsaal.	Ds. Corné Bootha – 082-786-4834
Wo. 14	09:00	**Gebedsgroep vir uitreike** – Rooivinksingel 1010, Montana Park	Annette van Niekerk – 083-609-7953
Wo. 14	09:00	**Mannegespreksgroep** – in die konsistorie.	David Spamer – 012-524-3821
Wo. 14	09:30	**Magnolia Oggendgroep** – in die jeugsaal. TruCare Verpleegversorgingsdienste kom ons toespreek.	Grietha Neethling – 083-631-3690 Rose Olivier – 083-542-3639
Wo. 14	14:00	**Vaardigheidsbediening** – in die kerksaal.	Rhona von Schlichting – 082-940-4168
Do. 15	08:00	**Araratbediening** – by Ararat se afdak.	Ds. Alkmaar Swart – 012-548-1565
Do. 15	09:00	**Mannegespreksgroep** – in die konsistorie.	Danie Heyman – 083-677-0523
Do. 15	10:30	**Hospitaal- en Siekesorg** – in die konsistorie. Ons reik uit na siekes, verswaktes en bejaardes.	Ds. Johan Olivier – 012-548-1300/ 082-979-6552
Sa. 17	06:00	**Gebedsgeleentheid** – in die jeugsaal. Kom bid saam as gelowiges.	Ds. Johan Olivier – 012-548-1300/ 082-979-6552
Sa. 17	09:30	**Sonop Uitreik** – die Woord word bedien en kospakkies word uitgedeel.	Johan de Wet – 082-570-1810
Sa. 17	15:00	**Danville Uitreik** – die Woord word bedien en kospakkies word uitgedeel.	Johan Ackerman – 082-472-2153

ONS BENODIG DIE VOLGENDE

- **Barmhartigheid** – Baie dankie vir die skenking van 'n tuimeldroeër vir Huis 18 (Jakaranda Kinderhuis). Dit word hoog op prys gestel!

ADMINISTRATIEWE INLIGTING

- **Debietorders** – Ons versoek lidmate om enige verandering aan debietorders **vóór** die 20ste van 'n maand vir die daaropvolgende maand **skriftelik** (per e-pos of op vorm ingevul) aan die kerkkantoor deur te gee, anders kan dit nie betyds geaktiveer word nie. Kontak Cecilia Venter (012-548-1245/ magaliesngk@telkomsa.net).
- **Doop in 2018** – Om in **Mei 2018** te kan doop, moet die doopgesprek wat op **11 April 2018** plaasvind, bygewoon word. Doopregistrasie **MOET** vooraf by die kerkkantoor plaasvind. Registrasievorms is by die navraetoonbank of op ons webwerf beskikbaar. Kontak ds. Lizette van Rooyen (084-690-1971 of lizvanrooyen@gmail.com).
- **Koster** – indien u die koster benodig kontak die volgende nommer: **082-859-6638/082-852-9325**.
- **MAGALIESKRUIN NOODLYN – 060 661 1870** – Gemeentelede kan Isabel le Roux, ons Barmhartigheidsvoorsitter, by die bogenoemde nommer per sms of oproep kontak indien daar behoeftes is ten opsigte van kruideniersware, klere en maatskaplike krisisse. Versoeke word anoniem hanteer en bydraes word grotendeels uit ons klere- en koskamer voorsien.
- **Kaartmasjien** – Daar is Sondae by die navraetoonbank en in die week by die kerkkantoor 'n kaartmasjien beskikbaar indien lidmate daarvan wil gebruik maak vir bydraes of ander betalings.
- **Gemeente se bankbesonderhede**: NG Gemeente Magalieskruin-Pretoria, ABSA, Takkode 632005, Tjekrekeningnommer 090 590 537.
- **Facebook:** Magalieskruin Gemeente-Algemeen

LIDMATE SE LIEF EN LEED

- **Inligting oor lief en leed** – Alle gemeentelede word gevra om die kerkkantoor in kennis te stel van sterftes sowel as geboortes sodat ons met mekaar die hartseer en vreugde kan deel. Skakel die kerkkantoor weeksdae tussen 07:30 en 13:00, stuur 'n e-pos na magaliesond@telkomsa.net of meld dit Sondae by die navraetoonbank aan.
- **Siekes en beproefdes** – U word hartlik uitgenooi om die kerkkantoor (012-548-1245) of u wyksouderling te kontak indien u of u familie siek is of gehospitaliseer word. **A-Blok** – ds. Alkmaar Swart; **B-Blok** – ds. Corné Bootha; **C-Blok** – ds. Louis Lemmer; **D-Blok** – ds. Johan Olivier.
  Ons wil vir u vra om vir die volgende persone te bid wat onder ons aandag gekom het:

Bezuidenhout, Bronwin	Diedericks, Johan	Pistorius, Annette	Terblanche, Evelyn
Bezuidenhout, Lauren	Hanekom, Johanna	Pistorius, Hennie	Van Gerve, Ellen
Briel, Leon	Henning, Jan	Rossouw, Etta	Van Niekerk, Anna
Botha, Freddie	Jones, Martie	Shandoss, Chris	Van Niekerk, Bennie
Coetzee, Piet	Koekemoer, Lenska	Smit, Ida	Vian, Frank
Cronjé, Wessie	Lock, Lorraine	Steyn, André	Visser, Hennie
Davel, Sophie	Matthee, Miemie	Strauss, Hannes	Wiese, Willie
De Goede, Johan	Oosthuizen, Ria	Strauss, Makkie	Willemse, Althea
De Villiers, André	Patterson, AJ	Swart, Minnie	

- **Nuwe intrekkers** – ***Nuwe intrekkers wat nog nie aangemeld het nie, kan die nodige vorms Sondae by die navraetoonbank en in die week by die kerkkantoor verkry.***
- **Lidmate ouer as 85**
  Die volgende twee lidmate het reeds verjaar en het 85 geword:
  - **Makkie Gresse** van Twee-Riviere Aftree-Oord het op 20 Februarie 85 jaar oud geword.
  - **Baby du Preez** van Bergseringlaan het op 3 Maart 85 jaar oud geword.

  Die volgende lidmaat verjaar en word ouer as 85:
  - **Mien Nel** van Swarthoutlaan verjaar op 14 Maart en word 86 jaar oud.

  Ons bid almal die seën van die Here en goeie gesondheid toe!
- **In Memoriam** – Julius Grib van Renaissance is die afgelope week oorlede. Sy begrafnis vind op Dinsdag 13 Maart om 11:00 vanuit ons gemeente plaas. Ons bid sy vrou Susan, hulle kinders, familie en vriende die troos van die Here toe.

KOM RAAK BETROKKE

Ons benodig dringend lidmate by die volgende **aktiwiteite** sodat die werk van die Here kan voortgaan:

- **Face2Face Uitreik 2018 Durban** – Ons nooi alle lidmate en jongmense om **27-30 April 2018** vir die langnaweek saam te kom na Durban vir 'n lewensveranderende, kruiskulturele, sendingondervinding in Durban. Kom "*indoor camp*" saam in 'n pragtige, veilige Indiër Christenkerk. Kom leer en ervaar wat Christenskap beteken vir 'n bekeerde Hindoe of Moslem. Leer hoe om te bid vir Hindoes en Moslems en teenoor hulle te kan getuig. Kom beleef hoe die Here deur jou 'n verskil in iemand anders se lewe kan maak. Kom geniet die see, gasvryheid en seën in 'n naweek wat jou altyd sal bybly.
  Indien jy belangstel om saam te gaan, kontak Fred Nel (082-441-7030/frednel@telkomsa.net) vir meer besonderhede, koste en registrasie.
- Die DVD en werksboekies van "*The Gold Nuggets for Communicating the Gospel to Muslims"* is nou by die gemeentebiblioteek beskikbaar. Ons nooi kleingroepe, families of individue uit om hiervan gebruik te maak.
- **Kleingroepe** – Nuwe lidmate wat belangstel om by 'n kleingroep in te skakel, kan Janine Joubert (012-548-1245 of magaliesklein@telkomsa.net) by die kerkkantoor kontak.
- **Nerina Oggendgroep** – Ons kuier op Dinsdag **27 Maart 2018** om **09:30** saam in die jeugsaal. Ons is almal wel deeglik bewus daarvan da tons onsself moet oppas, daarom gesels ons die maand oor veiligheid en sekuriteit. "CrisisOnCall" kom ons bietjie meer inlig – sien julle daar!! Kontak Rini Martins (083-459-1217) of Celia Maré (084-583-8655).
- **Silwerblare** – Die volgende byeenkoms is op **20 Maart 2018** om **09:30** in die kerksaal. Adjudant-offisier Johan van Dyk van die SA Plisie sal optree as ons gasspreker. Hy het 'n besondere onderwerp waaroor hy ons sal toespreek. Dit sal die moeite werd wees om sy aanbieding nie mis te loop nie. Bring met vrymoedigheid u vriende saam. Almal is welkom! Tee/koffie en verversings sal daarna bedien word. Kontak Dottie Botha (012-548-0863/083-458-8154).
- **Weskoppies**
  - Ons besoek Weskoppies op **23 Maart 2018**. Indien jy belangstel om saam te gaan, kontak Irma Munnik (082-550-1372).
  - Ons benodig bokse paaseier malvalekkers as skenkings vir Weskoppies. Ons ontvang bydraes tot die 20ste April toe. Dit kan by die kerkkantoor afgelewer word in die week of Sondae by die navraetoonbank afgegee word. Kontak Irma Munnik.
- **WhatsApp Gebedsgroep** – Ons gemeente het 'n WhatsApp gebedsgroep wat bid vir lidmate en sake in ons direkte omgewing. Almal bid saam maar op jou eie tyd. Geen "gevleuelde woorde" of gemorspos nie. As jy wil deel word van die groep, SMS jou naam en nommer na ds. Louis Lemmer (082-929-0244).

NIE-GEMEENTELIKE AKTIWITEITE

- **Musiekkonsert** – Die Amadea Omgeegroep van Overkruin Gemeente hou 'n fondsinsameling ten bate van Blymoedig Psigo-Geriatriese Kliniek **vandag** om **14:30** in Overkruin Gemeente. Instrumente wat gehoor kan word is orrel, trompet, saksofoon, viool, klavier, klokkespel asook 'n sopraan en tenoor en die Connwonité koor. Kaartjies kos R80 per persoon en kan by die deure gekoop word of skakel Elsabé Labuschagne (082-818-1074).
- **Hoe om getuienis te lewer** – Moreletapark Gemeente bied 'n kursus "*DEEL JESUS"* aan op **Vrydag 20 April** (18:00-22:00) en **Saterdag 21 April** (08:30-15:00) in Afrikaans en Engels. Die kursus handel oor hoe om getuienis te lewer, hoe om 'n pad met iemand te loop en dissipelmaking. Kontak Dudu Masedi (012-997-8062) of Moreletapark se kerkkantoor (012-997-8000).
- **Inligtingseminaar: "*My aftrede – my nuwe dag*"** – NG Gemeente Overkruin bied op **17 Maart 2018** om **09:00** 'n inligtingseminaar aan, gemik op mense wat nog op pad is na aftrede, asook persone wat reeds afgetree het. Die program sal tot ongeveer 12:00 duur, tee en verversings word bedien. Die sprekers is dr. Petrus Moolman en Aletia Nortjé.. Die toegang is gratis, maar 'n kontantdonasie sal verwelkom word. Die boek "*Rewire your Retirement"* van Aletia sal teen R200 te koop aangebied word. Kontak dr. Petrus Moolman (082-452-5826).